



# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Oktober 2008  
Jaargang 101 Nummer 7

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Die Reformasie en Skrifbeskouing (Dr Kobus Labuschagne)
- BI 2 **Van die redakteur, prof Piet Geysler:** Die vars ontdekking van die Bybel
- BI 3 **Die Hervormer in onderhoud met...**  
Ds Wilhelm Steyn (Tessa Oppermann)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**  
**Bybel in Afrikaans 75 jaar**  
Die Bybel in Afrikaans (Ds Wilhelm Steyn)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**  
*Bybelse Dagboek* 2009 as Kersgeskenk!  
Hervormer presteer (Prof Piet Geysler oor John Roos)
- BI 7 **Gespreksforum**  
Taal en kommunikasie (Tessa Oppermann)  
Só vergewe ons (Lesersbrief)
- Agterblad **Oordenking**  
Welkom, dierbaar Woord van God (Prof HG van der Westhuizen)



## Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig oor Kerkhervormingsmaand:

Dit is Kerkhervormingmaand. In ons waardering van die vrugte van die Kerkhervorming van die 16de eeu, staan die herontdekking van die Bybel voorop. In ons tyd gaan dit minder oor al die leerstellige kwessies en al die Roomse 'dwalings' en is die fokus meer in diepte op die moontlikhede wat deur die Hervorming oopgegaan het. Veral sal dit ons as Kerk van die Hervorming pas om onself die vraag af te vra of ons nog in die gees en bedoeling van die Hervorming kerk is en teologie beoefen.

### En hy waarsku:

As kinders van die Hervorming dreig daar gevaarlike vir die Kerk wat graag roem op 'n Bybels-Reformatoriese teologie wanneer –

- teologiese opleiding verdag gemaak word;
- hermeneutiek en eksegeese van die Bybeltekste, as 'n baie fyn kuns en tegniek, deur onopgeleides onder verdenking geplaas word;
- ons die standpunt sou probeer afdwing dat die 16de eeu die laaste woord oor die Bybel gespreek het;
- kerklike leerstellings buite verhouding die gesag kry van absolute uitsprake; of
- daar veral teen die Bybelwetenskappe aversie ontwikkel omdat mense die bevindings van die worsteling met die tekste as bedreigend ervaar.

Kom ons hou liever met nederigheid en dankbaarheid vas aan die vrug van die Hervorming in ons eerlike en opregte omgang met die bron – *sola Scriptura*.

## Welkom, dierbaar Woord van God

### In die Oordenking skryf prof HG van der Westhuizen oor die voorreg om die Bybel in ons eie taal te mag lees:

Een van die grootste vrugte van die 16de-eeuse Hervorming is die Bybelvertaling. Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther 95 stellings teen die kasteelkerk van Wittenberg se deur aangebring. Hy wou hê dat die afwykings van sy Roomse Kerk wat hy geformuleer het, bespreek moet word. Hierdie goedaardige begin het uiteindelik gelei tot veroordeling van Luther. Terwyl hy in die Wartburg, 'n kasteel in die Thüringerwoud, deur vriende versteek is, het hy die Bybel begin vertaal.

Bybelvertaling het daarvandaan uitgegroeï tot een van die vernaamste kenmerke van 'n Protestantse kerk. So is dit juis nou 75 jaar gelede dat die volledige Bybel in Afrikaans verskyn het.

Ná die driekwarteeu van Afrikaanse Bybel is ons vandag steeds so dankbaar oor die Pinkstergebeure en die Kerkhervorming.

